WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

VANDALISERING VAN SKOOLGEBOUE

1. INLEIDING

Vandalisme kom dikwels voor by onderwysinrigtings dwarsdeur Suid-Afrika. Miljoene rand word jaarliks bestee aan die herstel van skoolgeboue wat deur vandalisme beskadig is. Hierdie geld kan beter benut word vir die vermindering van die infrastruktuuragterstande of vir die instandhouding van onderwysgeboue.

2. DOEL

Die doel van hierdie riglyndokument is

- om prinsipale, onderwysers, leerders, lede van skoolbeheerliggame en die gemeenskap in te lig oor die moedswillige beskadiging van Staatseiendom.

- om "eienaarskap" van onderwysgeboue deur skoolgemeenskappe te bevorder.

- om duidelikheid te verskaf oor die prosedure wat gevolg moet word in gevalle waar vandalisme by skole voorgekom het.

- om idees uit te ruil oor hoe om vandalisme by onderwysinrigtings tot die minimum te beperk.

3. DEFINISIE

Vandalisme, in die konteks van onderwysgeboue in die Wes-Kaap, kan omskryf word as *die moedswillige, sinlose en onwettige beskadiging van Staatseiendom.* Dit sluit in diefstal en inbraak by en die moedswillige vernietiging van eiendom wat deur die Staat besit of verhuur word.

4. PROSEDURE WAT GEVOLG MOET WORD IN GEVALLE WAAR ONDERWYSGEBOUE GEVANDALISEER IS

Enige onwettige beskadiging van skooleiendom moet soos volg gehanteer word:

4.1 Beskadiging deur onbekende persone

4.1.1 Rapporteer die skade onmiddellik aan die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (hierna na verwys as SAPD) en verkry 'n misdaadsaaknommer.

4.1.2 Verleen bystand aan die polisie in hulle ondersoek en verskaf alle moontlike inligting – ook deur die identifisering van moontlike verdagtes.

4.1.3 Tree so gou as moontlik in verbinding met die Verliesebeheerbeampte by die naaste OBOS en rapporteer watter skade aangerig of verliese gely is.

4.1.4 Voltooi die nodige eisvorms wat deur die Verliesebeheerbeampte voorsien word en besorg hulle terug aan hom of haar.

4.1.5 Reël so gou as moontlik vir die herstel van die skade wat aan die gebou of onroerende eiendom aangerig is, met skoolfondse of via die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se Direktoraat: Fisiesehulpbronbeplanning [kyk Omsendbrief 0175/2000].

4.1.6 Indien die daders aangekeer en deur 'n geregshof skuldig bevind word, behou die Staat die reg om 'n siviele eis vir herstel van skade teen sodanige daders in te stel.

4.2 Beskadiging deur 'n persoon wie se identiteit bekend is

(As, byvoorbeeld, 'n voertuig of swaar voertuig in 'n onderwysgebou se omheining vasry en dit beskadig of 'n persoon op heterdaad betrap word as hy of sy Staatseiendom beskadig.)

4.2.1 **LW:** As leerders betrokke is – stel eerstens die ouer(s) of voog(de) in kennis, OF neem hulle na hulle ouerhuis, OF as die ouer(s) nie beskikbaar is nie, versoek die plaaslike welsynswerker om namens hulle op te tree. Indien daar vasgestel word dat leerders betrokke was, kan die Skoolbeheerliggaam (SBL) dit oorweeg om die saak ingevolge die bepalings van die skool se Gedragskode vir Leerders te hanteer.

4.2.2 Skryf die persoon se naam, ID-nommer, woonadres en werkadres, telefoonnommer(s) en voertuigregistrasienommer, waar van toepassing, neer vir verdere verwysing.

4.2.3 Indien die persoon, ouer of voog bereid is om sonder enige onbehoorlike druk ‘n skulderkenningsvorm by 'n polisiekantoor of ‘n soortgelyke verklaring te teken, moet dit in die teenwoordigheid van ‘n getuie gedoen word.

4.2.4 Verkry waar moontlik ‘n skriftelike ooreenkoms, óf om die skade te herstel óf om vir die herstel van die skade te betaal.

5. WETLIKE VERPLIGTINGE

5.1 Departement van Vervoer en Openbare Werke

Dit is die verantwoordelikheid van die Hoofdirektoraat: Eiendomsbestuur om lynfunksiedepartemente, insluitend die WKOD, te voorsien van voldoende akkommodasie. Die Hoofdirektoraat: Eiendomsbestuur is die bewaarder van Staatseiendom, insluitend eiendom wat deur skole van die WKOD benut word.

Dit is die verantwoordelikheid van die Hoofdirektoraat: Werke (Onderwys) om beskadigde geboue te herstel.

5.2 Wes-Kaap Onderwysdepartement

Hierdie departement betrek en gebruik ongeveer 1600 skoolgeboue en 700 ander geboue – waarvan die meerderheid deur die Staat besit of verhuur word.

Ingevolge artikel 13 [3] van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84/1996) (hierna na verwys as die Skolewet), kan slegs die LUK vir Onderwys ‘n skool se reg tot besetting en gebruik van vaste eiendom wat aan die Staat behoort, beperk. Die WKOD is dus verantwoordelik vir die administreer en beheer van die gebruik van eiendom wat aan onderwys toegeken is.

5.3 Skoolbeheerliggame

Ingevolge artikel 20 (1) (g) van die Skolewet moet **die skoolbeheerliggaam van ‘n openbare skool "die skool se eiendom, asook die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, indien van toepassing, administreer en beheer".**

5.4 Die prinsipaal of hoof

Die prinsipaal of die hoof van ‘n onderwysinrigting is die rekenpligtige beampte en is verantwoordelik vir alle fondse wat deur die skool ingesamel en bestee word.

Ingevolge artikel 16 [3] van die Skolewet, moet die professionele bestuur van ‘n openbare skool "deur die prinsipaal onder die gesag van die Departementshoof onderneem word. **Hierdie bestuur sluit ook in … die bestuur van die skool se eiendom, asook die geboue en gronde wat deur die skool beset word".**

5.5 "Gemeenskapseienaarskap"

Alhoewel skoolgeboue aan die Staat behoort, is dit gemeenskapsfasiliteite wat deur die plaaslike burgers gebruik behoort te word. “Eienaarskap” van ‘n skool deur die gemeenskap is van die allergrootste belang in die bekamping van vandalisme.

5.6 Die gemeenskap

Die gemeenskap moet aangemoedig word om die oë en ore van die skoolbeheerliggaam te wees deur persone wat verdag voorkom en in skoolgeboue of op die skoolterrein rondbeweeg, te rapporteer. Die skoolbeheerliggaam kan maniere oorweeg waarop persone wat deur hulle optrede skade aan skoolgeboue voorkom het, beloon kan word.

5.7 Suid-Afrikaanse Polisiediens

Skoolhoofde behoort die SAPD te nooi om skole gereeld te besoek ten einde hulle teenwoordigheid as wetstoepassingsbeamptes meer sigbaar te maak. Gereelde nagpatrollies word aanbeveel.

Owerhede moet alles in hulle vermoë doen om te verseker dat persone wat skuldig bevind word aan vandalisme op toepaslike wyse gestraf word.

5.8 Veiligeskole-inbelsentrum

Gemeenskappe speel ‘n betekenisvolle rol in die bekamping van vandalisme by skole en ander onderwysinrigtings en in die daarstelling van ‘n veilige skoolomgewing.

Gemeenskappe word aangemoedig om insidente van vandalisme by die ***Veiligeskole-inbelsentrum*** aan te meld deur die besonderhede te faks aan (021) 674 2342 of die tolvrynommer **0800 45 46 47** of een van die volgende telefoonnommers te skakel:

(021) 671 6614
(021) 671 6621
(021) 671 6637

6. VERSEKERINGSDEKKING

Ingevolge Tesourieregulasies verseker die Staat nie sy geboue nie aangesien korttermynversekering nie vir die Staat ‘n koste-effektiewe opsie is nie.

Skole word egter aangemoedig om versekeringsdekking uit te neem op sekere roerende eiendom, bv. rekenaars, stowe, naaimasjiene en kopieermasjiene, asook op hulle onroerende fasiliteite byvoorbeeld die administratiewe blok en die skoolsaal (d.w.s. die hoë-risikogedeeltes van die gebou).

7. WENKE OM VANDALISME TE BEPERK

7.1 Skoolbeheerliggame (SBL'e)

SBL'eSkoolbeheerliggame word aangemoedig om hulle fasiliteite in stand te hou deur die volgende te doen:

- Opleiding en ondersteuning aan die skoonmakers en voormanne te bied sodat hulle die nodige vaardighede en kennis kan ontwikkel om die skoolgeboue op doeltreffende wyse in stand te hou.

- Geringe skade uit die Norme-en-standaardetoekenning, byvoorbeeld die vervanging van vensterknippe, buitedeure, gebreekte vensters, deurhandvatsels en beskadigde toilette te herstel. (Kyk Omsendbrief 0175/2000 vir leiding.)

- Die skool se omheining gereeld in stand te hou.

- Effektiewe sekuriteitstelsels, bv. ‘n alarm met snelreaksie, aan te koop.

- Traliehekke, diefwering, hakiesdraad (razor wire), ens. by die hoë-risikogedeeltes van die skoolgebou aan te bring.

- Koste-effektiewe sekuriteitsbeligting te gebruik.

- Rondlopers op die skoolterrein aan die SAPD te rapporteer.

- Voldoende rekords van alle instandhoudingsprojekte by te hou met ‘n aanduiding of dit as gevolg van vandalisme of normale slytasie is.

- Die korrekte protokol te volg, d.w.s. rapportering van gevalle van vandalisme aan die SAPD en daarna aan die OBOS.

- Daarop aan te dring dat die SBL se Subkomitee op Fisiese Hulpbronne verslae ten opsigte van hierdie gevalle by die vergaderings van die SBL voorlê.

7.2 Die Staat

Die Staat [Die WKOD en die Departement van Vervoer en Openbare Werkese Hoofdirektorate: Eiendomsbestuur en Werke (Onderwys)] sal die volgende bydraes lewer.

- Gebruikersooreenkomste sal tussen die WKOD (Direktoraat: Fisiese Hulpbronbeplanning) en individuele skoolbeheerliggame onderteken word.

- Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (hierna na verwys as "Werke") sal ‘n instandhoudingshandleiding vir onderwysgeboue opstel. Oorsiglyste sal deel uitmaak van skoolgebou-inspeksie.

- Die WKOD sal van tyd tot tyd omsendbriewe opstel waarin die prosedure wat skole ten opsigte van verskeie gebouverwante aspekte moet volg, uiteengesit word.

- Die WKOD en Werke (Bou-inspekteurs) sal van tyd tot tyd skole se instandhoudingsprogramme monitor om seker te maak dat geringe skade stiptelik herstel word. (Werke-inspekteurs en Fisiesehulpbronbeplanners sal skole besoek om ondersoek na die toestand van die geboue in te stel. Die skool se instandhoudingsplan en die bedrag geld wat aan die skoolgebou en terrein bestee is, sal ook gemonitor word.)

- Skole wat in rooi sones (hoë-risikogebiede wat deur die WKOD en die SAPD geïdentifiseer is) geleë is, sal voorrang geniet vir sekuriteitstelsels wat, so ver as moontlik, deur die VEILIGESKOLE-PROJEK gefinansier sal word.

- Die WKOD sal alle skole voorsien van Norme-en-standaardebefondsing, waarvan R22.00 (hierdie bedrag sal waarskynlik jaarliks verhoog word) per leerder of ‘n minimum van R1 200.00 vir kleiner skole, jaarliks bestee moet word aan die instandhouding van die geboue.

- Die WKOD (Direktoraat: Fisiesehulpbronbeplanning) het ‘n “Begroting vir Noodherstelwerk” wat gebruik word om bystand te verleen aan skole waar die gesondheid en veiligheid van die leerders deur vandalisme bedreig word. Byvoorbeeld, toilette wat erg gevandaliseer is, sal leerders se gesondheid raak as geen toilette in 'n werkende toestand is nie, en los dakplate en oop elektriese bedrading sal ‘n veiligheidsrisiko vir kinders skep.

Prinsipale is welkom om met die Direktoraat: Fisiesehulpbronbeplanning in verbinding te tree om bystand in sulke noodgevalle te bekom. Die prosedure wat gevolg moet word, is vervat in Omsendbrief 175/2000 van 25 Augustus 2000.